Process Safety Beacon
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

An AIChE Technology Alliance
CCPS
Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps

This issue sponsored by
ioMosaic®
Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

Neem veiligheid saam met vakansie

Desember 2022

Figure 1. Jaareinde feesdae wat gevier word

Wêreldwyd is daar baie feesdae aan die einde van die jaar soos Kersdag, Bodhi, Gita Jayanti, Kwanzaa en Nuwejaarsdag. Baie mense neem vakansie, gaan êrens heen, spandeer tyd met familie en gee soms geskenke.

Soos wat die vakansie nader kom, is ons besig met voorbereidings soos : Koop geskenke, kook, en doen versierings. Dis belangrik dat ons in die besige en opgewonde tyd nie die veiligheid van ons familie, vriende en ons blyplek agterwee laat nie.

Die risiko van 'n huis-brand verhoog tydens vakansies

Moenie dat hierdie verander na die nie

Het jy geweet?

- Die VSA se National Fire Protection Association rapporteer dat 770 huis brande jaarliks veroorsaak word deur Kersfees versierings.
- Elektriese bedrading en ligte was betrokke by ongeveer helfte van die huis brande tydens vakansietyd. Ongeveer 20% hiervan is begin deur dekoratiewe ligte.

(ref. https://www.nfpa.org/Public-Education/Fire-causes-and-risks/Seasonal-fire-causes/Winter-holidays)

- Soms word kerse in die feestyd gebruik. Brand veroorsaak deur kerse bereik 'n maksimum in Desember en Januarie met 11 % van kers brande per maand in die tyd.
- Sommige kersversierings word net een maal per jaar gebruik en die kondisie daarvan kan verswak gedurende die stoor tyd.
- Kersversierings het soms verlengkoorde en verskeie elektriese proppe. Dit kan n struikel en val risiko wees.
- Tradisioneel is daar ook vuurwerke, byvoorbeeld op Oujaarsaand. Dit kan baie gevaarlik wees. Wees versigtig!

Wat kan jy doen?

- Gebruik ligte wat reg gespesifiseer is vir binnenshuis of buite.
- Kyk na die bedrading van kersversierings en maak seker daar is nie te veel proppe by een punt ingeprop nie. Vervang of herstel enige beskadigde drade of proppe.
- Wees baie versigtig as daar kerse gebruik word. Battery kerse is baie veiliger.
- As jy 'n lewendige kersboom gebruik, gee hom gereeld water dat hy nie droog word nie. Droë bome te naby aan 'n vuur veroorsaak een uit vier brande.
- Blaas kerse dood en sit versierings af as jy gaan slaap.
- As jy of jou bure uurwerke gebruik, wees op die uitkyk vir brande in die omgewing. Staan gereed met 'n brandblusser of tuinslang naby.

Veiligheid is die beste geskenk wat jy die kersfees kan gee!

©AIChE 2022. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.